# BD's - DOT - COM

Jaargang 13 - Nr. 321
OB: 10

16 Maart 2023





Liewe Ouers / Dear Parents

Een van die groot vrae in ons kinders se lewens, is: **"Hoekom moet daar so iets soos huiswerk wees?"**

En om hierdie vraag (wat dikwels deur 'n oormoë wesentjie wat liewer wil gaan rugbybal skop) te beantwoord met "Sommer!" of "Omdat jou juffrou so sê!", is net olie op die vuur. Want eintlik sal ons as ouers ook liewer van hierdie ou klippie in die skoen wil ontslae raak.

It's completely understandable. Sometimes after a long, tumultuous day at work, another hour spent picking up your kids from various activities, and worrying about supper, you don't feel like doing homework. You did enough homework when you were actually at school! And when you must plead with a very unwilling boy or girl to give some co-operation… well, need I say more?

**So, why does homework exist?** Good question. In 2012 in the UK, amid growing parent dissatisfaction, schools were free to set as little homework as they saw fit. Some schools did away with homework altogether. However, they soon realized that doing homework goes hand in hand with academic performance. Especially where a parent plays an integral part in doing homework in a structured, controlled manner. The Education Endowment Foundation found that, over the course of their time at secondary school, regular homework tasks could contribute up to 5 months progress to students' learning. Daar is ook bevind dat leerders wat konsekwent huiswerk doen, meer geneig is om aandag te skenk en 'n beter houding teenoor leer in die klas te toon.

***Kids Health*** **gee die volgende wenke vir ouers rakende huiswerk**:

- **Ken die onderwysers - en wat hulle verwag.** Woon skoolgeleenthede by, soos oueraande, om jou kind se onderwysers te ontmoet. Vra uit oor hul huiswerk en hoe jy betrokke moet wees.
- **Skep 'n huiswerkvriendelike area.** Maak seker dat kinders 'n goed beligte plek het om huiswerk te voltooi. Hou voorrade - papier, potlode, gom, skêr - binne bereik.
- **Beplan 'n gereelde studietyd.** Sommige kinders werk die beste in die middag, na 'n peuselhappie en speelperiode; ander sal dalk verkies om tot ná aandete te wag.
- **Help hulle om 'n plan te maak.** Op moeiliker huiswerkaande of wanneer daar 'n besonder omvattende opdrag is om aan te pak, moedig jou kind aan om die werk in hanteerbare stukke op te breek. Skep 'n werkskedule indien nodig - en neem tyd vir 'n 15-minute pouse elke uur.
- **Beperk afleidings tot die minimum.** Dit beteken geen TV, harde musiek of selfone nie. (Soms kan 'n telefoonoproep na 'n klasmaat oor 'n opdrag egter nuttig wees.)
- **Maak seker dat kinders hul eie werk doen.** Hulle sal nie leer as hulle nie vir hulself dink en hul eie foute maak nie. Ouers kan voorstelle maak en help met instruksies, maar die kind moet die taak doen.
- **Wees 'n motiveerder en monitor**. Vra uit oor opdragte en toetse. Bemoediging, kontroleer voltooide huiswerk en wees beskikbaar vir vrae.
- **Set a good example.** Do your kids ever see you diligently balancing your budget or reading a book? Kids are more likely to follow their parents' examples than their advice.
- **Prys hul werk en pogings.** Plaas 'n goeie toets of kunsprojek op die yskas. Noem akademiese prestasies aan familielede.
- **If there are continuing problems with homework, get help.** Talk about it with your child's teacher.


Enjoy your long weekend! / Geniet u langnaweek!

MFraser

Marlene Fraser
Acting Principal

## IMPORTANT DATES: 17 - 24 FEBRUARY 2023

| | |
|---|---|
| Vrydag, 17 Maart | Netbal: O/13-BD's & HSB Netbaltoernooi (tuis) |
| Saturday, 18 March | **Juf. Lee-Ann Dowrie verjaar!** |
| Maandag, 20 Maart | **SKOLE VAKANSIEDAG** |
| Tuesday, 21 March | **PUBLIC HOLIDAY: Human Rights Day** |
| Woensdag, 22 Maart | **Mnr. ALEC LIEBENBERG verjaar!** |
| Friday, 24 March | Netball: Beaumont Primary U/12 Sports Day |
| | Rugby & Netbal: O/13-Porterville Bulfees |
| | Chess: Overberg Schools Closed Championship (Caledon) |
| | **SGB By-election in school foyer, 07:00 - 17:30** |
| Saterdag, 25 Maart | **Juf. Friedel Pratt verjaar!** |
| | O/11A-rugby & -netbal: Goudini Sportdag |
| | Rugby & Netbal: O/13-Porterville Bulfees |
| | Chess: Overberg Schools Closed Championship (Caledon) |



## MINI-CRICKET: SATURDAY, 11 MARCH 2023

Early Saturday morning we left for Hermanus with many eager and excited boys and girls to take part in the mini cricket day. Al 3 BD-spanne het elk 2 geleenthede gehad om teen ander skole te speel. Elke kind het 'n verversingspakkie ontvang. Our teams had mixed results, but they all achieved the main goal of enjoyment. Dankie aan elke ouer en afrigter wat die dag moontlik gemaak het. Baie dankie ook aan die BD's wat kom ondersteun het en in hul skoolklere geklee was. Dit wys ware BD-karakter.

Ons sien met groot opgewondeheid uit na die res van die seisoen wat volg in die 4de kwartaal.

## KULTUUR

### BALLET EKSAMEN


Gedurende November 2022 het die volgende dansers van die Linda Booyse School of Dance, die RAD (Royal Academy of Dance) balleteksamen afgelê en baie goed gevaar:

Lia Louw, Katrien Brand, Melia van Zyl, Anika Laubscher, A'riel Brink, Tarien Fourie en Jani Brand het hoë merietes in hul onderskeie eksamens behaal. Baie geluk met die uitstekende prestasies.

RAD (Royal Academy of Dance) balleteksamens is die moeilikste in hul veld en word as sodanig uiters hoog gerespekteer, en is baie moeilik om te slaag.

Baie geluk aan hierdie dansers!






### EISTEDDFOD: SPRAAK EN DRAMA



Op 31 Oktober 2022 het Katrien Brand aan die Nasionale Eisteddfod van Suid-Afrika deelgeneem, en 'n Junior Diploma vir Afrikaanse poësie ontvang. 'n Diploma word toegeken vir 'n uitstekende prestasie waar die deelnemer bo die ideale / tipiese vlak op die meeste maatstawwe presteer het. Katrien is ook genooi om deel te neem aan die 20ste Nasionale Eisteddfod "Young Performer Awards Competition" wat gedurende Februarie tot Mei vanjaar plaasvind. Baie geluk Katrien, ons hou vir jou styf duim vas!

## SURF

Emma Loggenberg het die afgelope naweek aan die Nasionale RipCurl Grom Search se tweede byeenkoms deelgeneem. Daar is in totaal 5 RipCurl byeenkomste wat deel uitmaak van die 2023 Suid-Afrikaanse Junior Surf-toer. Emma het by die eerste kompetisie 5de geëindig, en die afgelope naweek, derde geëindig. Die volgende kompetisie vind einde Maartmaand in Scottburgh plaas. Na verwagting behoort Emma nou no. 3 in Suid-Afrika in die O/12-ouderdomsgroep te wees.



**O/13-RUGBY**

13 van ons O/13-rugbyseuns het Maandag, 13 Maart, aan die eerste rondte Bolandproewe deelgeneem. Baie geluk aan die volgende seuns wat verkies is tot die Suidpunt-rugbyspan:

Luke Giliomee
Gyan Gertse
Nayed Gabriëls
Luke Gabriëls
Jurgen Lesch
Christian Swart

Baie sterkte met die moeilike pad vorentoe! Ons is trots op julle manne.

**BOLAND ATLETIEKKAMPIOENSKAPPE, 4 MAART TE DAL JOSAFAT (PAARL)**

Altesaam 20 atlete het deelgeneem aan die Boland-atletiekkampioenskappe in Paarl. Baie geluk aan die volgende leerders wat Bolandkleure ontvang het:

Mija Rautenbach – Gewigstoot, dogters O/11
Aliyah Valentine – 100 m, dogters O/12

Mija Rautenbach het aan die Wes-Kaap atletiekkampioenskappe deelgeneem op 11 Maart 2023, te Dal Josafat Stadium (Paarl). Hier kompeteer atlete teen die 4 beste WP-, BOLAND- en SWD-atlete.





Aliyah Valentine moes ongelukkig onttrek a.g.v. 'n besering wat sy opgedoen het.

Mija eindig algeheel in die 6de plek met 'n afstand van 8.79 m.

# 4 Nations Championship

## Internal rugby, netball & hockey matches for U/7 – U/9's

This year, BD's will again host the 4 Nations Championships for all U/7 – U/9 rugby and netball players on Tuesday, the 28th of March and for U/7 – U/9 hockey players on Wednesday, the 29th of March. The official opening for the respective days will take place at 14h30 and the first matches will start at 15h00. The last matches will finish around 17h40 and the prize giving will take place directly thereafter.

Boys and girls who participate in the above winter sport codes will be divided into 4 teams namely England (white), Ireland (green), Scotland (blue) and Whales (red). There will be no A, B or C-teams. Matches will be played in a Round-Robin format. Teams will be selected by die coaches and all teams will play 3 matches.

Remember.... The day is all about FUN WHILE PARTICIPATING!
We hope to see all parents supporting our kids at the 4 Nations Championship!

## SWELLENDAMSKOU, 4 MAART 2023

Nazli Morkel het op 4 Maart aan die Swellendam Perdeskou deelgeneem, en die volgende posisies behaal:

2de plek - Beste stapper (ope klas)
2de plek - Junior Kampioen driegang - ryperd O/5 (Ope klas)
1ste plek - Driegang Kinderryperd, 18 jr en onder (Saalperd)
3de plek - Driegang Kinderryperd, 14 jr en onder (Ope klas)
3de plek - Beste drawwer (Ope klas)
1ste plek - Driegang Kinderruiter, 18 jr en onder (Saalperd)



Alwyn Steyn het ook die afgelope naweek aan die Swellendamskou deelgeneem. Hy het aan die onder 14-klasse deelgeneem en die volgende prestasies behaal:



1ste - Kampioenryer, ryperdklas
1ste - Beste galop
1ste - 3-gang
3rd - Best turnout
3de - Stapklas
3de - 3-gang
3rd - Show, pony

Johanné Kloppers het die afgelope naweek aan die Swellendamskou deelgeneem en die volgende prestasies behaal:

1st - SAR, best 3-gaited Horse Rider, 11-14 years
1ste - Met Bob-Dylan, onder 18 jaar (sonder hulp)
2de - Vlaam: Siertuig, kinders onder 18 jaar
3de - Vlaam: Stap/draf, ruiter onder 18 jaar
3de - Vlaam: Dubbeltuig, onder 18 jaar (met hulp)
3de - OPE: Driegang plesierperd, ruiter onder 18 jaar
3de - OPE: Beste galopper
4th - SAR: Best trot rider, 11-14 years
4th - SAR: Best Utility pony/horse rider, 11-18 years
4th - SAR: Best canter rider, 11-14 years
4de - Senior-kampioenryperd, H/MR bo 5 jaar




Verder het sy ook 3de plek in die Junior Suiwelbeesafdeling van die jeugskou behaal.
Op 11 Februarie 2023 het sy ook aan die Heidelbergskou se Junior Suiwelbeesafdeling van die jeugskou deelgeneem en 'n eerste plek behaal.

Baie geluk BD's, ons is baie trots op julle!

## SWEM

Op Vrydag, 10 Maart 2023, het 8 van ons swemmers deelgeneem aan die swemgala op Robertson. Ons het 3 eerste plekke, 1 tweede plek en 4 derde plekke behaal. Dit was vir ons swemmers goeie blootstelling en hulle het die gala baie geniet.

Baie geluk aan elkeen wat deelgeneem het en ons BD's se naam hoog gehou het.

## NETBAL

Op Dinsdag, 14 Maart, het 30 van ons BD-netbaldogters in hulle onderskeie ouderdomsgroepe deelgeneem aan die Suidpuntstreek netbalproewe. We would like to congratulate the following players who were chosen to go on to the next round of trials.

**O/11:**
Zarah Lesch
Tayden Leonard
Cara Bothma
Mia Steenkamp
Mika Stanley
Annie Muteto
Leanique Jameson

**O/12:**
Lienke Erasmus
Georgia Salo
Tania Hakuna
Lucia Kempen
Skyla Sefoor
Kiara Leander
Nelle Swart
Joy Mataga
Zoë Koopman

**O/13:**
Lianie Treunicht
Christelize Kotze
Kirsten Hills
Zoë Bothma
Jordan-Lee Cooper
Melissa Saayman
Farrah Witbooi
Alicia Mukaratirwa
Lindzé Diedericks

Die volgende rondte proewe is die Overbergproewe, en vind op 25 April plaas.
Congratulations girls! We are proud of you.

# SPELETJIESDAG





**THURSDAY, 30 MARCH 2023**

**DONDERDAG, 30 MAART 2023**

**TICKETS**
**R5**



KAARTJIES TE KOOP VANAF VRYDAG, 24 MAART



TICKETS WILL BE SOLD FROM FRIDAY, 24 MARCH



COME JOIN THE FUN!